



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

RELIGIESTUDIES V1

MEMORANDUM

NOVEMBER 2008

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit 11 bladsye.

ALGEMENE OPMERKINGS

Hierdie memorandum dek nie alle moontlikhede nie. Religiestudies is a nuwe en komplekse vak, en kan verskeie uiteenlopende beklemtonings deur leerders akkommodeer. Om reg daaraan te laat geskied, is openheid van die kant van nasieners nodig. Die memorandum neem aan dat die meerderheid leerders uit die vier grootste religieë van Suid-Afrika afkomstig is. Dit gaan ook daarvan uit dat 'n balans gehandhaaf moet word wat al die religieë betref. Dit is nie moontlik om in hierdie memorandum elke moontlikheid te dek nie. Dit word daarom aanbeveel dat, bykomend tot die memorandum self, handboeke en ander relevante materiaal in die nasien-lokaal ingebring mag, en behoort te word. In sekere gevalle moet nasieners hul oordeel gebruik, in oorleg met die hoofnasiener en met verwysing na sulke materiaal.

AFDELING A**VRAAG 1**

- 1.1 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer. Kies die antwoorde uit die lys wat voorsien word:

Hebreeus; Tora; Halaal; kalbas; Raja-joga; Shembe

- 1.1.1 In Afrika-kultuur mag die **kalbas** gebruik word om water of tradisioneel gebroude bier te drink. (1)
- 1.1.2 Die bestudering van die **Torah** word gesien as die teenmiddel teen die bose. (1)
- 1.1.3 Voedsel wat toelaatbaar is vir verbruik deur Moslems word **Halaal** genoem. (1)
- 1.1.4 Die Ou Testamentiese tekste is in **Hebreeus** geskryf. (1)
- 1.2 Kies uit ELKE groep woorde hieronder die woord wat NIE pas nie. Skryf die woord in die ANTWOORDEBOEK neer. Gee 'n rede vir jou antwoord in ELKE geval.
- 1.2.1 Eid; Deepavali; Kersfees; **Vrouedag**; Yom Kippur.
Vrouedag is 'n vakansiedag terwyl die ander religieuse feeste is. (2)
- 1.2.2 Ayodhya; **Nagasaki**; Betlehem; Mekka; Moria.
Nagasaki is 'n Japannese stad wat tydens die Tweede Wereldoorlog gebombardeer is terwyl die ander heilige stede vir verskillende religieë is. (2)
- 1.2.3 Muhammed; **Krishna**; Jesus Christus, Moses en Abraham.
Krishna is van die Hindoe-religie terwyl die ander uit die Abrahamitiese religieë kom. (2)

1.2.4 Qur'an; Tanach; Vedas; **Odysseus**; Kitab-i-Aqdas

Waar die ander heilige geskrifte is, is die Odysseus 'n Griekse klassieke werk. (2)

1.3 Definieer die volgende begrippe in die konteks van religie:

1.3.1 **Geloofsoortuiging** beteken 'n baie vaste oortuiging; dit verwys ook na geloof of religie. (2)

1.3.2 **Ideologie** verwys na 'n substituuat/plaasvanger vir religie. Dit is 'n sisteem of stel geloofsoortuigings. (2)

1.3.3 **Vergelykbaarheid** verwys na die feit dat twee dinge met mekaar vergelyk kan word. (2)

1.3.4 **Mite** verwys na 'n heilige storie, hoofsaaklik oor die oorsprong of die einde van die tyd of sleutelgebeurtenisse in die tyd. (2)

- 1.4 Noem die DRIE hoofvertakkinge van die Christendom.
Katoliek, Ortodoks en Protestant (6)
- 1.5 Beskryf die *Wet van Karma* kortliks.
Karma beteken handeling. Elke ding wat ons doen of dink is handeling. Positiewe handeling bring goeie gevolge, negatiewe handeling bring slegte gevolge voort. Met ander woorde, mens saai wat jy maai. Karma as handeling word deur reïnkarnasie gevolg. (6)
- 1.6 Noem TWEE geloofsoortuigings wat die Judaïsme, die Christendom en Islam met mekaar gemeen het.
 - Hulle glo aan die openbaring van een God
 - Hulle glo aan die oordeelsdag en lewe na die dood.
 - Hulle glo in die bestaan van Satan.
 - **Engele**
 - **Geopenbaarde geskrifte**
 - **Boodskappers/Profete**
(6)
- 1.7 Verduidelik die begrip *Nirvana* in die Boeddhistiese filosofie.
Nirvana is die aanvaarding van dinge soos hulle is. Dit is ook 'n bron van krag en wilsvoorneme. Iemand wat nirvana bereik het, kom nie tot besluite en keuses uit emosionele stormagtigheid en lyding nie, maar uit 'n posisie van kennis van die konsekwensies van sy of haar handeling. (4)
- 1.8 In watter boek word die meeste van Baha 'ulla se leerstellings gevind?
Kitab-i-Aqdas (2)
- 1.9 Verduidelik, in DRIE sinne, die term *ubuntu* soos dit op die Afrika Tradisionele Religie van toepassing is.
The concept 'ubuntu'.
 - Kom van die gesegde 'Umuntu ngumuntu ngabantu' (Hier uit die Nguni-tale geneem)
 - Dit beteken dat 'n mens 'n mens is deur sy of haar verhoudings met ander mense.
 - Die gedagte agter hierdie begrip is 'n sentrale leerstelling in Afrika Tradisionele Religie.
 - Dit is 'n filosofie van gemeenskaplikheid.
(6)
- TOTAAL AFDELING A: 50**

VRAAG 2

2.1 2.1.1 Religieuse humanisme is 'n vertakking van humanisme wat 'n element van religieuse geloof bevat, maar nie noodwendig deel van enige georganiseerde religie is nie.

Sekulêre humanisme is 'n vertakking van humanisme wat religiese geloof en die bestaan van 'n 'bonatuurlike' orde verwerp. Sekulêre humaniste glo in die algemeen dat die navolg van humanistiese beginsels vanself tot ateïsme lei, omdat religieuse opvattinge nie rasioneel ondersteun kan word nie.

(4)

- 2.1.2
1. Vrye ondersoek
 2. Skeiding van staat en kerk
 3. Die ideaal van vryheid
 4. Etiek gebaseer op kritiese intelligensie
 5. Morele opvoeding
 6. Religieuse skeptisisme
 7. Rede
 8. Wetenskap en tegnologie
 9. Evolusie
 10. Opvoeding

Religie wat gekies is: Christendom. In konsultasie met hoofeksaminator, inligting oor ander godsdienste kan van relevante materiaal verkry word, soos benodig.

Vrye ondersoek

- Die Christendom laat beperkte vrye ondersoek toe.
- Enige vrye ondersoek wat uitloop op gevolgtrekkings wat teenstrydig sou wees met die goddelike openbaring en wet, word van die hand gewys.
- Dit erken God as die uiteindelijke bron van kennis
- Dit erken God ook as die bron van leiding

Skeiding van staat en kerk

- Die kerk ondersteun die staat.
- Die kerk moedig gehoorsaamheid aan wet en orde aan.
- Die staat erken die outonomie van die kerk in religieuse sake.
- Daar is samewerking tussen die kerk en die staat insake menseregte.

Ideaal van vryheid

- Die kerk erken vryheid van keuse.
- Die kerk moedig demokrasie aan
- Die kern-geloofsoortuigings en -waardes van die Christendom is verskans

Etiek gebaseer op kritiese intelligensie

- Etiek word uit die wet van God afgelei.
- Veranderde omstandighede het 'n hersiening van sekere etiese opvattinge te weeg gebring.

Morele opvoeding

- Moraliteit is op religieuse leerstellinge gebaseer.
- Die vlak van moraliteit bepaal wat in hierdie lewe met jou gebeur, asook in die lewe na die dood.

Religieuse skeptisisme

- Die kerk laat nie daarvoor ruimte nie.
- Skeptisisme lei tot die vorming van ander (afgeskeide) kerke.

Rede

- Die goddelike rede staan bo alles
- Die goddelike rede kan nie bevraagteken word nie

Wetenskap en tegnologie

- Die kerk aanvaar wetenskap en tegnologie
- Die Christelike geloof aanvaar die geheimenisse van die geloof wat wetenskaplike ondersoeke te bowe gaan.

Evolusie

- Die Christendom wys die gedagte dat die mens uit laer vorms van lewe ontwikkel het, van die hand
- Die mens is deur God geskape.
- Sekondere evolusie (natuurlike seleksie) word aanvaar.

Opvoeding

- Die kerk glo dat opvoeding een van die fundamentele regte is (sendingskole)
- Die kerk aanvaar dat sekulêre en religieuse opvoeding ewe belangrik is.

(16)

LET WEL: Die benadering hierbo sou van toepassing wees op ander religieë wat gekies mag word, maar die response (reaksie) tot elke kenmerk sou verskil, ahangende van die basiese geloofsoortuiging van die gekose religie.

Kontrolelys vir puntetoekenning vir VRAAG 2.2.

'Verskeie' in hierdie vraag beteken 'ten minste twee'.

Noem meer as een godsdienst, gee 4 (vier) punte. Noem slegs een godsdienst laat 'n maksimum van 26 (ses-en-twintig) punte toe.

In die bespreking van die verskillende godsdienste hoef hulle nie noodwendig apart en eksklusief behandel te word nie. Klem oop gesamentlike pogings moet waardeer word.

Inleiding: Gee 'n kort beskrywing van die Suid-Afrikaanse politiek in die konteks van die vryheidstryd.

- Suid-Afrika was onder die bewind van die Nasionale Party-regering.
- Die land en regering was volgens rasse-onderskeide verdeel, in ooreenstemming met die apartheidspolitiek.
- Die Christendom was die staatsreligie, maar verskeie kerke het hulle sterk teen apartheid uitgespreek.
- Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke het 'n belangrike rol in die teenkanting teen apartheid gespeel.
- Die kerke was in die voorste linie om opvoeding en gesondheidsdienste te voorsien.
- Talle geestelikes het hulle duidelik teen apartheid gespreek – onder andere die Aartsbiskop van Durban, wyle Denis Hurley.
- Aartsbiskop Denis Hurley het protesoptogte teen apartheid gelei.
- Aartsbiskop Desmond Tutu het selfs vir sanksies gevra om die Nasionale Party-regering te verplig om van apartheid afstand te doen.
- Dr. Alan Boesak en ander leiers vorm die UDM.
- Moslemgeestelikes moedig die Moslem-gemeenskap aan om verkiesings vir die driekamer-parlement te boikot.
- Die UDM, veral in die Wes-Kaap, is deur geestelikes soos dr. Alan Boesak gelei.
- Dr. Alan Boesak het die betrokkenheid van religieuse organisasies in die stryd om menseregte duidelik gedemonstreer.
- In die Wes-Kaap het Moslem en Christelike religieuse organisasies saamgespan om anti-apartheidproteste te organiseer.
- Die kerk was nie militant nie, maar het moeite gedoen om konstruktiewe dialoog tot stand te bring.
- Sommige geestelikes is uit hulle kerke geskors – onder andere dr. Beyers Naude van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.
- Humanitêre hulp is verleen, onder andere skole en klinieke.
- Talle individue het verkies om buite religieuse strukture werksaam te wees, uit vrees dat hul geloofsgemeenskappe geviktimiseer sou word.
- Die Belhar Belydenis is in die Nederduits Gereformeerde Sendingkerk ontwikkel as 'n manier om teen apartheid te veg.
- Swart Teologie het as 'n middel om teen apartheid te veg, ontwikkel.
- Die 'Phoenix Settlement' is gestig om vaardighede te ontwikkel.

(30)
[50]

VRAAG 3

- 3.1 Noem van 'n tweede godsdiens verdien 4 (vier) punte. Noem van slegs 1 (een) godsdiens laat 'n maksimum van 16 (sestien) punte toe.

In die bespreking van die verskillende godsdienste hoef hulle nie noodwendig apart en eksklusief behandel te word nie. Klem oop gesamentlike pogings moet waardeer word.

As voorbeeld, die inligting hieronder verwys hoofsaaklik na Islam. In konsultasie met hoofeksaminator, kan inligting oor ander godsdienste uit relevante materiaal verkry word, soos benodig.

- Armoede is 'n onvermoë om in jou basiese behoeftes te voorsien.
- Talle mense is arm omdat daar geen werkseleenthede is nie.
- Armoede kom ook van 'n gebrek aan vaardighede.
- Gebrekkige opleiding lei ook tot armoede.
- Daar is 'n behoefte aan geskoolde arbeid.
- In Islam word rykdom gesien as 'n vorm van trust.
- Daar is welsynsorganisasies wat aan die versorging van die armes toegewyd is.
- Voorbeelde van welsynsorganisasies in Moslem-gemeenskappe is Zakaat, Fitrah, ens.
- Die Moslemgeloof moedig die ontwikkeling van vaardighede aan.
- Dit word van families verwag om mekaar te ondersteun (welsynsliefde begin tuis).
- Dit word van mense verwag om duidelike doelwitte, tydsraamwerke en terugvoer-meganismes te hê.
- Lyste van behoeftige mense word gemaak om 'n regverdigte verspreiding van bystand te verseker.
- Volhoubare programme word ingestel en volgehou.

(20)

Plan van Aksie

- Vorm 'n bestuurskomitee
- Identifiseer die behoeftige lede van die gemeenskap
- Maak 'n lys om seker te maak dat mense wat in aanmerking kom, hulp ontvang.
- Stel duidelike doelwitte op
- Stel tydsraamwerke op
- Ontwikkel kontrole-meganismes

- 3.2 Die uittreksel hieronder dien as hulp vir die leerder. Die inligting daarin hoef nie die leerders se antwoorde te reflekteer nie. Leerders moet nie gepenaliseer word as hulle nie daarna verwys nie. Aand ien ander kant, die gebruik van die materiaal in die uittreksel moet met maksimum 5 (vyf) beloon word.

Die inligting hieronder dek standpunte uit verskillende godsdienste. Nasieners moet in gedagte hou dat die vraag vereis dat leerders oor enige EEN godsdiens skryf.

- Alle lewensvorme is aan mekaar verwant
- Alle lewensvorme verander om by die omgewing aan te pas
- Mense het uit ander vorms van lewe ontwikkel
- Hindoeïsme ondersteun in beginsel die teorie van evolusie
- Die Christendom aanvaar nie die teorie van evolusie nie
- Die Christendom staan ferm op die standpunt van skepping
- In die Christendom is menslike lewe weselik verskillend van ander vorme van lewe
- God het die mens en alles geskape
- Mense is meer verhewe as ander skepsele.
- Die mens is die hoogste vorm van geskapeheid
- God het met die skepping van Adam lewe in die stof van die aarde geplaas
- Die teorie van evolusie was die eerste nie-religieuse teorie van hoe die wêreld tot stand gekom het en waar mense vandaan kom.
- Darwin se teorie het gelui dat mense en alle ander vorme van lewe tot stand gekom het deur die proses van geleidelike ontwikkeling of evolusie.
- Die evolusie-teorie het nie religieuse geloofsoortuigings vervang nie
- Jode, Moslems en Christene het soortgelyke response op die evolusie-teorie.

(30)
[50]**VRAAG 4**

- 4.1 4.1.1 Hierdie vraag is 'n begripstoets van die uittreksel, en vereis nie enige addisionele kennis van die leerder nie.
LET WEL: VHJ staan vir 'Voor huidige Jaartelling'.
- Hulle is deur groepe monnike gememoriseer.
 - Hulle is mondeling deur groepe monnike van een generasie na die volgende een oorgelewer.
 - Hulle is teen die einde van die eerste eeu VHJ in die vorm van tekste neergeskryf.
- (6)
- 4.1.2 'VHJ' beteken letterlik 'Voor die Huidige Jaartelling', dit wil sê voor die kalenderstelsel wat tans in gebruik is. (2)
- 4.1.3
- Die liberale skool (Mahasanghika) verwys na die denke of lering wat meer oopstaan vir verandering.
 - Die rede vir die ontwikkeling daarvan was dat die Boeddhisme dan meer aanvaarbaar sou wees.
 - Die liberale skool was teenorgesteld tot die eng interpretasie van die oorspronklike lering van die Boeddhisme.
- (6)
- 4.1.4 Die kernleerstellings van die Boeddhistiese tradisie wat ontwikkel het tot 'n versameling beginsels en waardes wat deur Boeddhiste aanvaar word, in die Mahayana sowel as die Hinayana skool. (4)

- 4.1.5 (LW: Sowel 'Ja' as 'Nee' antwoorde is aanvaarbaar).
- JA – heilige geskifte bied 'n verwysingspunt, afgesien van tyd en plek.
 - Hulle bevorder dus solidariteit.
 - Hulle minimaliseer ook verskille.
- OF
- NEE – mondelinge oorlewerings kan plaaslike kontekste insluit en nogtans oorspronklike geloofsoortuigings handhaaf.
 - Daar is 'n hele aantal religiee wat op mondelinge tradisies vertrou en nogtans wesenlik dieselfde gebly het.
- Mondelinge tradisies is selfs vir ongeletterde persone toeganklik (6)
- 4.2 Die Christendom en Afrika Tradisionele Religie
- 4.2.1
- Albei aanvaar die bestaan van een godheid – God in die Christendom en die Opperwese in ATR.
 - Die wese van God in die Christendom is dat Hy uit drie onderskeie Persone bestaan, naamlik God die Vader, die Seun en die Heilige Gees.
 - In ATR het God die wêreld geskape en woon Hy in die geestelike domein.
 - Hy het religieuse kennis en gedragswyse aan die eerste generasie geopenbaar.
 - Die Christelike God is die Skepper van alle dinge, met insluiting van die lewe.
 - Hy beheer ook lewe en dood.
 - In die Christendom lewe God in mense in die vorm van die Heilige Gees, en sodoende bring Hy kontak tussen God en mense tot stand.
 - Volgens Christelike geloofsoortuigings is Jesus die Middelaar tussen God en mense.
 - In ATR bemiddel die voorouers tussen God en mense.
 - God het Jesus Christus na die wereld gestuur om vir die mens te sterf, ten einde die heilsplan te verwesenlik. (20)
- 4.2.2 (a) Monoteïsme (4)
(b) Politeïsme
- 4.2.3 Hermeneutiek is die wetenskap/kuns om religieuse/heilige tekste te interpreteer. (2)
[50]

VRAAG 5

- 5.1 Die volgende vraag is oop. Gebruik asb die kontrolelys wat hiermee voorsien word, as gids as u punte toeken.

KONTROLELYS VIR PUNTETOEKENNING VIR VRAAG 5.1.

Kriteria	Punte	Leerder se punte
Inleiding: Voorsien 'n algemene ontleding van bevindinge.	5	
Identifiseer en verduidelik enige (een) religieuse kwessie wat deur die media behandel is.	5	
Gebruik die bevindinge as navorsingsresultate en bespreek die geïdentifiseerde kwessie in die konteks van die media se behandeling van religieuse kwessies.	10	
Verduidelik kortliks hoe die media die openbare opinie kan beïnvloed.	5	
TOTALE PUNTE	25	

- 5.2 Die volgende vraag is oop. Gebruik asb die kontrolelys wat hiermee voorsien word, as gids as u punte toeken.

KONTROLELYS VIR PUNTETOEKENNING VIR VRAAG 5.2.

Kriteria	Punte	Leerder se punte
Inleiding: Identifiseer botsende partye en voorsien 'n bondige beskrywing van elkeen.	4	
Gee die redes vir die konflik.	6	
Verduidelik die mate waartoe religie by die konflik betrokke is.	8	
Identifiseer en analiseer die pogings van religieuse organisasies om die konflik op te los.	5	
Evalueer die uitwerking van die pogings.	2	
TOTALE PUNTE	25	

LW: Die volgende voorbeeld gee 'n model-antwoord vir slegs een gebied van konflik.

Kriteria	Punte	Leerder se punte
Somalië		
Botsende partye: <ul style="list-style-type: none"> Die regering met 'n sekulêre filosofie teen Die Raad van Moslem-howe/krygsleiers met 'n religieuse benadering. 	4	
Redes vir die konflik: <ul style="list-style-type: none"> Afdwing van die Sharia Reg. Verwerping of aanvaarding van die invloed van Westerse regerings. Die agteruitgang van die ekonomie. Politieke beheer. 	6	
Die mate waartoe religie in die konflik betrokke is: <ul style="list-style-type: none"> Sommige leiers wil 'n Islamitiese staat tot stand bring Die regering wil sekulêre opvatting afdwing. Religieuse organisasies het gereël vir vredesooreenkomste Die vredesakkoorde wat deur religieuse groepe georganiseer is het tot dusver nie geslaag nie. 	8	
Pogings wat deur religieuse organisasies gemaak is: <ul style="list-style-type: none"> Religieuse organisasies het 'n sleutelrol gespeel om vrede in die gebied tot stand te bring. Hulle het probeer om vredesakkoorde tussen die botsende partye te bewerkstellig. Hierdie akkoorde het nie daarin geslaag om vrede te bewerkstellig nie. 	5	
Die uitwerking van die pogings: <ul style="list-style-type: none"> Die botsende partye het begin om in wedersydse gesprekke met mekaar te tree. 	2	
TOTALE PUNTE	25	

50

TOTAAL AFDELING B: 100

GROOTTOTAAL: 150